KRUISKERK.co.za
gespreksgemeente sonder grense
info@kruiskerk.co.za

*Steek gerus 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing** : Lukas 24:13-34
**Tema :** Oomblikke van helderheid

## BROODJIES VIR DIE PAD

"Music, feelings of happiness, mythology, faces worn by time, certain twilights and certain places, want to tell us something, or they told us something that we should not have missed, or they are about to tell us something; this imminence of a revelation that is not produced is, perhaps, 'the aesthetic event'."
— Jorge Luis Borges

"Insight is not a lightbulb that goes off inside our heads. It is a flickering candle that can easily be snuffed out."
— Malcolm Gladwell, Blink: The Power of Thinking Without Thinking

"Our ignorance can be divided into problems and mysteries. When we face a problem, we may not know its solution, but we have insight, increasing knowledge, and an inkling of what we are looking for. When we face a mystery, however, we can only stare in wonder and bewilderment, not knowing what an explanation would even look like."
— Noam Chomsky

"Let's state it clearly: One great idea of the biblical revelation is that God is manifest in the ordinary, in the actual, in the daily, in the now, in the concrete incarnations of life, and not through purity codes and moral achievement contests, which are seldom achieved anyway."
— Richard Rohr

"Faith, hope, love, and insight are the highest achievements of human effort. They are found-given-by experience."
— Carl Gustav Jung, Modern Man in Search of a Soul

"There's no one with intelligence in this town except that man over there playing with the children, the one riding the stick horse. He has keen, fiery insight and vast dignity like the night sky, but he conceals it in the madness of child's play."
— Rumi, The Essential Rumi

"We pass through the present with our eyes blindfolded. We are permitted merely to sense and guess at what we are actually experiencing. Only later when the cloth is untied can we glance at the past and find out what we have experienced and what meaning it has."
— Milan Kundera, Laughable Loves

"There's a kind of Ah-ha! Somebody at least for a moment feels about something or sees something the way that I do. It doesn't happen all the time. It's these brief flashes or flames, but I get that sometimes. I feel unalone—intellectually, emotionally, spiritually. I feel human and unalone and that I'm in a deep, significant conversation with another consciousness in fiction and poetry in a way that I don't with other art."
— David Foster Wallace

"You have to understand, my dears, that the shortest distance between truth and a human being is a story."
— Anthony De Mello

"Not everything has a name. Some things lead us into a realm beyond words…By means of art were are sometimes sent - dimly, briefly - revelations unattainable by reason."
— Alexander Solzhenitsyn

**Dana Snyman: Rustig en geseënd met 'n glas Kanonkop**

Hy gaan nie meer op 'n Sondag kerk toe nie. Sondag het sy braaidag geword.

Hy lees nie meer gereeld Bybel nie, maar wat hy as kind oor God geglo het, glo hy steeds.

Sy vrou het soms nog kerk toe gegaan, maar deesdae gaan sy op 'n Sondag winkels toe. Sy gaan vroeg, want gaan sy later, sukkel sy om 'n parkeerplek by die Woolies-ingang te kry. Sondae is die plek 'n malhuis.

Hulle het hul twee kinders Sondagskool toe gestuur en hy het hulle gewoonlik ná die Sondagskool gaan haal. Terwyl hy vir hulle in die motor voor die kerk wag, het hy die Sondag¬koerant sit en lees. Maar die kinders is nou uit die huis uit en werk oorsee.

Tydens ’n spannende wedstryd verloor hy homself in iets groters as hy.
Buitendien, hy koop nie meer die koerant op ’n Sondag nie. Te veel sensasie. Derick se wroegings en daardie diamantsmous se glibberige gedoentes verveel hom. Hy kyk ook nie juis meer TV nie. Het ’n paar keer saam met sy vrou na daardie Housewives-program gekyk, maar hy ken te veel sulke vroue. By hulle in die landgoed is baie van hulle. Botox en desperaat om van geweet te wees.

Hy kyk nog rugby. Min dinge laat hom so lewendig voel as om voor sy grootskerm-TV te sit en na ’n Bok-toets te kyk. Tydens ’n spannende wedstryd verloor hy homself in iets groters as hy.

Sy finansiële en politieke nuus kry hy op die internet, hoewel hy hom nie juis meer aan die politieke nuus steur nie. Ons politici is almal ’n klomp skelms. Hy sal maar vir die DA stem, want daar is niemand anders om voor te stem nie.

Was hy ’n Amerikaner, sou hy moontlik vir Trump gestem het. Trump is goed vir die ekonomie. Anders as die spul in die ANC.

Sy makelaar stuur drie keer ’n week vir hom ’n verslag van hoe sy aandele op die markte vaar. Hy het ’n stewige aandeleportefeulje, goed gebalanseerd tussen Suid-Afrikaanse en buitelandse maatskappye.
Hy het hard gewerk en goed voorsiening vir hul oudag gemaak. Hy het al gedink hulle moet dalk na ’n ander land emigreer, maar hy voel baie veilig hier in die landgoed. Hy kyk wel na ’n plek in die Kaap. Boschendal of Val de Vie of een van daardies. Veral noudat daar party dae nie water in die krane is nie. Elfuur se kant maak hy vuur in sy Weber en skink vir hom ’n glas Kanonkop Kadette Pinotage. ’n Lekker drinkwyntjie.

Hy druk op die regte plekke op sy selfoon, dan kom Koos du Plessis se stem oor die Bluetooth-luidspreker op die tafel. Ou Koos was darem ’n diep mens. Niks om te betaal nie, niks om te verhaal nie, en skielik is jy vry. Dis ’n mooi, oop dag. Die son dryf in ’n duisend stukkies op die swembad se water. Hy skink vir hom nog ’n glas Kanonkop.

Hy voel rustig en geseënd, en naby aan dit wat mooi en goed is.
Hy het nie meer die kerk nodig nie.

---

## BROOD VIR DIE PAD

**Geestelike waardes: Meer as Thomas se ongeloof is ter sprake in skildery**

Een van die merkwaardige skilderye van die Italiaanse Barok-kunstenaar Caravaggio – bekend vir sy omstrede en onstuimige lewe – is sy Die ongeloof van die Heilige Thomas (1601-1602).

Of ’n mens dit nou op die internet besigtig of voor ’n weergawe daarvan in die Sanssouci-beeldegalery in Potsdam staan, dit is moeilik om die trefkrag daarvan te ontken.

Dié skildery verbeeld die teksgedeelte in die Johannes-evangelie waar ons lees dat Thomas (wat nie teenwoordig was tydens die opgestane Jesus se vroeëre verskyning aan die ander dissipels nie) op die dissipels se nuus dat hulle die Here gesien het, opmerk: “As ek . . . my vinger nie steek in die spykermerke, en my hand nie in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie.” (20:25). Agt dae later verskyn Jesus weer aan die dissipels, en sê vir Thomas: “ . . . bring jou hand en steek dit in my sy” (20:27). Waarop Thomas met herkenning en erkenning reageer: “My Here en my God!” (20:28).

Die teksgedeelte sê nie dat Thomas wel sy vinger in Jesus se wond gesteek het nie, maar in Caravaggio se uitbeelding sien ons Thomas wat sy vinger ín die wond druk en met volledige aandag na Jesus se sy kyk (soos blyk uit die velvoue op sy voorkop).

Die hele toneel het ’n vleeslike en sintuiglike karakter. Jesus het nie hier ’n stralekrans nie, maar is lyflik teenwoordig.

Die Ierse filosoof Richard Kearney skryf selfs in sy boek Touch: Recovering Our Most Vital Sense dat ons Thomas as meer as die twyfelende of ongelowige Thomas kan sien: “We might say that Tho¬mas . . . reminds Jesus that his divinity is in his tangible humanity, that the right place for the infinite is in-the-finite. Otherwise, Christian in-carnation becomes ex-carnation, a fundamental betrayal of the Word made flesh.”

Wat verder in die komposisie van Die ongeloof van die Heilige Thomas opval, is dat twee ander dissipels (’n ouer Petrus en ’n jonger Johannes) oor Thomas se skouer kyk, met hul aandagtige en meelewende blik op hoe Thomas sy vinger in die wond steek. Thomas se “ongeloof” is dus nie soveel anders as die ander dissipels se onsekerheid en onbegrip oor die gebeure ná Jesus se kruisiging nie.

In Caravaggio se skildery – en dit is ’n belangrike teologiese insig – is Jesus voorts nie bloot ’n passiewe

liggaam wat geïnspekteer kan word nie. Nee, hy is handelende betrokke. Jesus neem self Thomas se hand (met die vuilheid onder Thomas se vingernaels duidelik sigbaar) en begelei hom met fokus en teerheid in sy soeke na sin en heling. – RRV

*wynandgnel@outlook.com 082 901 5877*